
Suid Afrikaanse Woonwa Assosiasie

# Suikerbosrand Suikerbekkie

S.A.W.A. S.A.C.A.




SPRINGS
PETS & BIRD PARK
011 811 2666

Accessories
- Pet food & Kennels
- Cat Litter
- Pet Toys & Accessories
- Fish Tanks & Accessories
- Reptile Tanks &
- Accessories

Pets
- Dogs
- Cats
- Assortments of Birds & Fish
- Reptiles
- Rats & Mice

Gert Wolmarans
082 374 8797

47 Geduld Road.
Next to Paul Kruger Highway, Geduld Ext. Springs

van Breda MOTORCYCLES
New & Pre-owned motorcycles

SUZUKI Way of Life!

BIG BOY
PIT BIKES • COMMUTERS • ATVs

Virgie Lavos
61/63 2nd Street, P.O. Box 701, Springs, 1560
Tel: 011 815 6726/7/8/9 Fax: 011 362 3773
A/H: 011 813 2734 Cell: 082 557 7095
vanbreda@netactive.co.za

# Maart 2024

INHOUDSOPGAWE


Oordenking……………………….…………1-3
Uit die Voorsitter se pen…………………..4-5
Redaksie…………………………………......6
Seniorburger blad ……………...…………...7
Bestuursinligting………………………......8-9
Voogdelys…………...……………….…......10
Lief en leed……………………….…..…….11
Kampnuus Bloekompoort Januarie.…..…12-26
Kampnuus Gebiedskamp Sionbergh.…....27-37
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings…...38-39
Tiener verjaardag........................................39
JeugBlad…………......………........…40-44
Jeug vermaak…………….………………45
Kampresep………...…………................46-47
Uit die natuur……………………...…...48-49
Smoushoekie…………………...………..50-51
Jaarprogram………..…………....……..52


Jaargang 50 Nr. 2



# Oordenking

As die Kruis kon praat . . .

Dis amper Paasfees, Here. Oral in die winkels kuier die Paashase rond, en om die draai waai die Paasnaweek vrolik, met soveel beloftes van rus en saamkuier met mekaar. Iewers mis ons dit, né Here. Iewers het ons die kruis in blink goue papiertjies begin toedraai, met ogies en 'n glimlag, en dit gaan wegsteek tussen al die sjokolade-hase op die winkel se rak.

Ek wil nie deel wees van so 'n Paasfees nie, Here. Ek kan nie. Ek kan nie vir Jesus in blink papier toedraai en omdraai asof dit my nie raak nie. Ek wil vanaand stil-versigtig voor U kruis kom staan . . . As die kruis kon praat, Here, sou dit sag vir my gesê het dat U my terug-getel het in die Veiligheid van U liefde. Daardie liefde waarin ek geborge is. Daardie liefde waar ek onvoorwaardelik aanvaar word. Daardie liefde wat my vashou en liefhet, soos net 'n Pa vir Sy kind kan lief wees.

As die kruis kon praat, Here, sou dit my vertel het van daardie verskriklike oomblik toe Jesus uitgeroep het: "My God, My God . . . waarom het U my verlaat?" My God . . . nie 'My Vader' nie. My God. Want vir daardie oomblik het U weggekyk van Jesus, afgebuk en my weer in U liefde teruggetel. Vir daardie oomblik het U vir Jesus uit die veiligheid van U liefde gestoot.

As die kruis kon praat, sou dit my vertel van Jesus se verlate-wees, se uitgestoot-wees, se alleen-wees. Dit sou my vertel van Jesus se vrees om uit die kring van God se liefde te beweeg. Dit sou my vertel van Sy angs, daardie oomblik toe Hy nie meer deel was van God se liefde nie.

As die kruis kon praat, Here, sou dit my vertel van Jesus se liefde vir my. ‘n Liefde wat eenkant gaan staan het, alleen en sonder die Vader. ‘n Liefde wat my raakgesien het, en my alleen en bang en skuld op Sy skouers getel het, en dit buite die Kring van die Vader se liefde gaan neersit het.

As die kruis kon praat, Here, sou dit my vertel van ‘n liefdevolle Vader wat my versigtig optel en my stil binne die geborgenheid van Sy volmaakte liefde gaan neersit.

As dit nie vir die kruis was nie, Here, het ek nou nog alleen en bang buite die Kring van U liefde rondgedwaal. Doelloos. En sonder Hoop. As die kruis kon praat, Here, sou dit stil vir my vertel het dat ek nie moedeloos hoef te wees nie. Dit sou my herinner het dat ek oppad is Huistoe, na my Vader wat vir my so onbegryplik lief is. Dit sou my herinner daaraan dat ek geborge is binne God se liefde. Dat niks my daar kan seermaak of bangmaak of hartseer maak nie. Dit sou my herinner aan die Vader wat my elke oomblik van die dag styf teen Hom vashou. As die kruis kon praat, sou dit my opgewonde vertel van eendag se Eendag wanneer ek by die Huis gaan kom.

As die kruis kon praat, Here, sou dit ‘n Sirkel om my trek en my herinner dat Jesus buite God se liefde moes bly, sodat God my weer binne Sy Sirkel kon tel. Sodat ek kan deel wees van ‘n Goddelike gesin, waar ek altyd welkom is, waar ek mag hoort by ‘n Vader wat vir my so baie lief is. Dankie vir die kruis, Here. Wanneer ek vanaand stil my vingers oor die skerwe-hout laat gly, sê ek dankie dat daardie kruis vir my kom sê dat God se arms nooit ooit vir my sal toegaan nie. Maar dat dit sag om my vou en Paasfees vir my kom sê: “Jy is Myne. Ek het jou duur gekoop. Ek het jou lief met ‘n liefde wat weggekyk het van My eie Seun, sodat ek jou weer binne die geborgenheid van My liefde kan tel.”

Dankie Here. Die verlatenheid wat Jesus daar aan die kruis gevoel het, die seer en die stukkend en die uitgestoot wees, kan nie toegedraai word in blink papier nie. Dit kan nooit mooi gemaak word met paashase en sjokolade nie.



Dis amper Paasfees, Here. Ek wil stil voor die kruis kom kniel, en dankie sê. Dankie dat Jesus my teruggetel het in die geborgenheid van my Hemelse Vader se liefde. In hierdie liefde is ek veilig. Vir altyd.
Amen.

*(Bron: Facebook* - Katrienkie@2023*)*





## Uit die Voorsitter se pen

Dagsê al ons Suikerbosrand vriende. Ek hoop dit gaan goed met almal. Daar is wel van ons lede wat nog nie heeltemal gesond is nie. Oom Lionel was in die hospitaal vir 'n niersteen operasie, dit het nie te goed gegaan, maar hy sterk aan by die huis. Dit gaan ook bietjie beter met Ilza Marie. Bertus was weer vir toetse en die uitslae was nie wat hulle verwag het nie, alle sterkte aan almal. Ons gebede is met elkeen van julle. Die lede wat verjaarsdae of huwelik herdenkings gevier het wens ek 'n baie geseënde dag toe, hoop julle was baie bederf.

Ons Januarie maand te Bloekompoort was baie lekker gewees, almal het dit terdeë geniet. Baie geluk aan Mariette van Rooyen met haar verkiesing tot ons 2024 Burgemeester, ek weet dat jy die pos met ywerigheid gaan aanpak.

Die Februarie kamp was die Gebiedskamp by Sionbergh wat ook 'n groot sukses was, ons het lekker saamgekuier en die Saterdag was groot pret, die laat middag was daar potbrood kompetisie gehou en daar was heelwat deelnemers gewees. Suikerboosrand het 3 inskrywings gehad en hier wil ek vir Mariette geluk wens sy het die soet brood prys gewen. Later die aand is daar 'n "rek jou bek" vas vrae gehou en die mense het mal gegaan met al die antwoorde. Die kamp is goed ondersteun deur die streke, ons was 6 waens van Suikerbosrand. Dankie aan almal wat die saamtrek bygewoon het.

Maart maand is daar nie 'n streeks kamp nie omdat die Paasnaweek kamp oor die einde Maart val. Daar is 'n paar van ons lede wat die naweek gaan bywoon, hoop almal gaan dit geniet. Ons volgende streeks kamp is die naweek van 12 April by Bush Inn kom ons kamp almal daar lekker saam.

Bush Inn is onder nuwe bestuur, Burt se dogter het die oord oorgeneem. Sy het blykbaar groot planne vir die oord, ons sal in die volgende week of so met haar gaan gesels en alles uitvind wat sy beplan vir die oord. Sodra ons met haar gesels het sal ek terugvoering vir julle deurgee.



Ek hoop almal kry ons Nasionale Voorsitter se terugvoering wat ek en Johnny vir julle nou en dan deurgee, as julle dit nie kry nie laat weet asb. Miskien het ons julle epos adres verkeerd.

Van julle gaan dalk die winter maande weg na warmer plekke. As ek julle nie voor die tyd sien nie wil ek nou al sê julle moet dit geniet. Vir die wat nie weg gaan nie, julle kan ons kamp in Mei kom bywoon. Ek hoor so deur die "grape vine" dat die doedies iets groots vir ons beplan.

Vriende, ek wil ook vir julle vra as julle enige nuus brokkies oor julle kinders of kleinkinders het gee dit deur vir Maggie dat sy dit in ons nuus boekie kan sit, foto's sal baie waardeer word, hulle probeer regtig hard om ons op hoogte te hou deur middel van die Suikerbekkie.

Vriende, dit is my gebede dat ONS HEMELSE VADER elkeen sal behoed en bewaar deur hierdie tyd en dat HY ons veilig sal hou. Ons het SY Seëning nou meer as ooit nodig met die tyd wat vir ons voorlê.

Tot volgende saamtrek.

Veilig bly en veilig sleep.

Virgie





## Redaksie

Liewe Vriende

So vinnig het Kersfees verby gevlieg, hier is ons alweer in ‘n nuwe jaar en dinge gebeur baie vinnig. Ons eerste uitgawe van die Suikerbekkie sien die lig, die Burgemeester is ingehuldig, die Gebiedskamp is verby en nou is dit Paasfees.

Ons het weer baie inligting van die lede ontvang oor die kleinkinders se sport prestasies en ek sê baie dankie vir dit. Dit maak ons uitgawe weer ‘n lekker lees boekie. Ek wag in spanning om vir die volgende uitgawe weer sulke lekker prestasies te ontvang. Daarmee wil ek vir elkeen wat so goed presteer het baie geluk sê, julle laat nie net julle ouers of groot ouers se harte warm klop nie, maar julle maak ons as Suikerbosranders se harte ook warm klop en ons is baie trots om met julle te “brag”

Laastens wil ek net vir elkeen ‘n geseënde Paasfees toewens.

Groete tot die volgende uitgawe.
Margaret







## Seniorburger Blad

**“Die wysheid van die grysheid” deur Jaco Jacobs**



Moet nooit ooit ŉ perdeby
in jou neus opdruk nie.
Moet nooit ooit ŉ renoster
aan sy stert rondpluk nie.
Moet nooit ooit ŉ stoomroller
met een hand probeer stop nie.
Moet nooit ooit jou tande
met ŉ toiletborsel skrop nie.
Moet nie met jou bikini
in ŉ krokodildam duik nie.
Moet nooit ooit ŉ geelslang
vir ŉ springtou gebruik nie.
My ouma het dié dinge
oor die jare self probeer.
Ek is so bly ek en jy
kan uit haar foute leer.

*(Bron: https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-die-wysheid-van-die-grysheid/)*

# Bestuursinligting

**Streeksvoorsitter**
**Virgie Lavos**




Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
011 363 3773 (F)
082 557 7095 (S)
virgie@tiscali.co.za

**Sekretaris**
**Jackie Lavos**




Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
083 448 5831 (S))
lavosjackie@gmail.com

**Ondervoorsitter**
**Johnny Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
084 580 8729 (S)
john.randall@absamail.co.za

**Redaksie**
**Margaret Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
072 766 7025 (S)
mags.randall@yahoo.com



# Bestuursinligting

**Voorraad**
**Jooste Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
078 877 6658 (S)
potgieterjooste@hotmail.com

**Penningmeester**
**Elize Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
083 417 3820 (S)
elizepotgieter@webmail.org.za

# Voogdelys

**Virgie en Jackie Lavos**

Anton en Elna Botes
Hennie en Loret Oosthuyzen
Elona Dreyer
Bertie en Wilma Herbst
Rui en Annette Cajada
Dries en Martie Brandt

**Jooste en Elize Potgieter**

Elize van Heerden
Philip en Hettie Horn
Dániel en Paula van Deventer
Phillip en Ans Opperman
Pieter en Bettie Branken
Mike en Margaret van der Riet

**Johnny en Margaret Randall**

Adriaan en El-Marie Erasmus
Ivan Randall
Lionel en Mynah Randall
Mariëtte van Rooyen
Jan en Daleen Viljoen
Ananda Olwagen



# Leed



Lionel Randall was in die hospitaal vir nog niersteen operasies. En kiem in die bloed behandeling.
Mike van der Riet is in die hospitaal vir ‘n hartaanval, daar is drie stents in die hart are gesit onder operasie.
Phillip Opperman het gegaan vir die prosedure van kamera sluk.
Pieter Branken het ook gegaan vir ‘n brein skandering toets.

*Ons bid vir elkeen die genesing van ons Hemelse Vader toe en ons vertrou dit gaan al beter met elkeen (Red.)*

# Lief

Dit gaan baie goed met Ilze-Marie Erasmus na die val met ‘n perd, die been herstel mooi.
Ons verneem Lionel Randall herstel en sterk mooi aan tuis na vele terugslae.



*Ons is dankbaar vir die beterskap (Red.)*

# Kampnuus

## Bloekompoort

## 26 – 28 Januarie 2024

So skop ‘n nuwe kamp jaar af en die eerste kamp is by Bloekompoort, maar dit is nie net nog ‘n kamp nie, o nee dit is die Burgermeester inhuldigings kamp. Die senior burgers kamp vooraf en ek en Maggie is bevoorreg om al van die Woensdag saam te kan kamp. O het ons dit nou weer geniet.

Dit is Vrydag en stadig begin die ander mense inkom om saam te kamp. Laat middag sluit André, Willie en Colet van Oosrand by ons aan, dit is ook Oosrand se eerste kamp vir die jaar, so besluit ons maar om saam te kamp vir die naweek. Daar word begin met die voorbereidings vir aandete en ons bied “beef burgers” aan te koop. Die ondersteuning is weereens goed en ons sê baie dankie vir dit. Ons hou boekevat en daar word so rukkie buite gekuier, maar dit is koel en daar word gou besluit om te gaan skuins lê.

Saterdagoggend en almal is vriendelik en vrolik, kan sien almal het ‘n goeie nagrus gehad. André van Oosrand hou vir ons die oggend boekevat, waarna ons gou ‘n koelte plekkie gaan soek om saam ontbyt te maak. Maar die weer bly maar snaaks, koel en dit lyk of dit wil reën, ons beplan om “Hangbal” te speel maar die weer laat dit nie toe nie. Maar onder die wakende oog van André kon ek, Virgie, Jooste en TP gou ‘n tydjie afknyp om die nuwe aansporings bord te gaan opsit by die ontvangs kantoor van Bloekompoort.

Agtermiddag en almal rapporteer by die saal. Ons word ontvang en verwelkom deur die uittredende Burgemeesters paar, Jooste en Elize Potgieter. Almal neem hul sitplekke in en in spanning word daar gewag dat die nuwe Burgemeester aangekondig word. En oom Virgie maak die aankondiging Burgemeester vir 2024 Mariëtte van Rooyen. Ek dog



Mariëtte sluk haar tong in, sy is so verbaas. Maar baie geluk Mariëtte ons weet jy gaan daai groot skoene volstaan. Na al die opwinding word daar lekker gesmul aan al die lekker eetgoed wat daar voorgesit is en kuier almal lekker saam. Laat middag steek ons die vure aan en daar word gesellig gebraai, geëet en gekuier tot slapenstyd.

Sondagoggend en ons maak ons reg om weer aan die tradisionele Bloekompoort ontbyt te gaan smul. Dit bly maar ‘n wenner. Hier kan ons maar net weereens vir Hennie en sy span sê baie, baie dankie. Na ontbyt kyk ons weer ‘n treffende boodskap van Andries Enslin en doen ons gou ons afsluiting waar daar lekker gelag is vir ons mamparras van die naweek.

Met uitsien na ‘n volgende kamp word daar kamp afgeslaan en almal vertrek huis toe.

Ons wil net graag baie dankie sê vir elkeen se samewerking en bydrae tot ‘n lekker naweek.

Sien by die volgende kamp

Kamp groete

Johnny en Margaret





Daar word Saam Saterdagoggend lekker ontbyt gemaak






Johnny en Virgie het met die hulp van TP en Jooste die SAWA Aanbevelings Bord by die ontvangs opgesit by Bloekompoort



*Die uittredende Burgemeesterspaar Jooste en Elize Potgieter*



*Elize en Jooste verwelkom Pieter, Bettie en Mariëtte*

*Jooste verwelkom Elize van Heerden*







*Elize en Jooste verwelkom CJ en TP*







*Elize en Jooste verwelkom Hennie en Loret*



*Elize en Jooste verwelkom Jackie*



*Rui is so bly hy word verwelkom*



*Almal sit in afwagting om te hoor wie is die Burgemeester vir 2024*





*Virgie, Elize en Jooste kon die nuwe Burgemeester aan*



*Dan die nuwe Burgemeester*



*2024 Burgemeester Mariëtte van Rooyen*



*Na die inhuldiging was daar lekker gesmul aan eetgoed*





*Die Vure word aangesteek vir 'n lekker braai Saterdagaand*





*André en Hennie diep ingesprek  terwyl Loret aandagtig luister*



*Bettie en Elize kuier rustig, Virgie en Jackie luister na Hennie en André se gesprek*





*Pieter en Bettie ontvang hulle Seniorburger* Kampkommandante *plaatjie van Virgie*



*Margeret en Johnny ontvang hulle* Kampkommandante *plaatjie van Virgie*



*Jackie ontvang 'n MamPara plaatjie van Virgie*



*Bettie ontvang 'n MamPara plaatjie van Virgie*



# Kampnuus

## Gebiedskamp Sionbergh

## 23 – 25 Februarie 2024

Dit is weer tyd vir die Gebiedskamp en ons sien vreeslik uit. Jannie Meyer doen altyd baie moeite om 'n kamp lekker te maak. Die kamp is by Sionbergh en daar is heelwat aktiwiteit op die program. Vrydagaand skop Suikerbosrand af met die rib burger verkope en ons moet bond staan om 72 burgers betyds gaar te kry. Na boekevat is die weer en wind baie onplesierig en almal staan woonwa se kant toe.

Saterdagoggend na ontbyt begin daar resepte en bestanddele reg gesit te word. Later die middag gaan daar 'n potbrood kompetisie wees en almal wil spog met die titel vir die beste brood.

Intussen is daar 'n visvang kompetisie aan, maar als byt behalwe die vis, totdat Jaco van Rietfontein 'n bitter klein vissie vang waarmee hy die kompetisie wen. Die tyd breek aan om die brode te begin. Almal werk skaf dat die gis en meel so spat en die beoordelaars staan nader om die eerstes te proe. Daar was heelwat lekker brode, maar Mariëtte maak Suikerbosrand trots en stap weg met die prys vir die beste soet brood. Die aand speel ons Rek jou Bek (Noot vit Noot) en weereens het Jannie en Alet baie moeite gedoen. Dit was baie lekker. En so is dit alweer slaaptyd sonder dat daar by die vuur gesit is, weens die gure weer.

Sondagoggend gee Magda de Villiers weer 'n baie inspirerende boodskap en Johnny hanteer die afsluiting en prysuitdeling. Daar word nog rond gesit en gekuier tot die tyd aan breek om huiswaarts te keer. Daar is eenparig besluit dat die Gebiedskamp weer volgende jaar Februarie by Sionbergh gehou sal word.

Groete
Red.



*Suikerbosrand het rib burgers verkoop Vrydagaand, die span hier hard aan die werk*











*Mariëtte, Virgie en Johnny besig met die hulle potbrode vir die “Potbrood” kompitisie*



*Die eindresultaat van die brode*



*Saterdagaand word daar lekker saam gebraai en gekuier*





*Die brood bakery het van die mense baie uitgepit*



*Magda van Rietfontein het vir ons 'n pragtige Sondagoggend boodskap gebring*



Kampkommandante *vir die naweek Johnny, Virgie, Henti, Hendry en Jannie wat ongelukkige ons moes vroeg Sondagoggend verlaat.*



*Jaco Briel van Rietfontein het die visvang kompitisie gewen en ontvang van Henti die prys*





*Henti en Elize van Rietfontein wen die prys vir die beste Soet/sout brood maar daar was nie so katogorie nie so hulle wen 'n paaseier en ontvang dit van Johnny*



*Hendry en Bianca van Oosrand wen die die eerste prys vir die beste Sout potbrood en ontvang die prys van Johnny*



*Jaco en Elaine van Rietfontein wen die die tweede prys vir die beste Sout potbrood en ontvang die prys van Johnny*



*Jannie en Alet van Elandsrand wen die die derde prys vir die beste Sout potbrood en Derek ontvang die prys namens hulle van Johnny*






*Mariëtte wen die die eerste prys vir die beste Soet potbrood en ontvang die prys van Johnny*




*Dirkie en Liezl van Rietfontein wen die die tweede prys vir die beste Soet potbrood en ontvang die prys van Johnny*



*Hennie en Rene van Elandsrand wen die die derde prys vir die beste Soet potbrood en ontvang die prys van Johnny*



*Johnny deel paaseiers uit vir die kinders*





*Henti deel boeteplaatjies vir die droogmakers uit van die naweek*




*Afsluiting*




# Verjaarsdae

## Februarie

5 Februarie Margaret van der Riet
9 Februarie Mynah Randall
12 Februarie Jackie Lavos
20 Februarie Margaret Randall
27 Februarie Anton Botes

## Maart

6 Maart Daleen Viljoen
9 Maart Adriaan Erasmus
10 Maart Loret Oosthuyzen
29 Maart Wilma Herbts





# Tiener Verjaarsdag




## Maart

16 Maart Ilze-Marie Erasmus




# Huweliksherdenking

## Maart

8 Maart Philip en Hettie Horn
25 Maart Jan en Daleen Viljoen
27 Maart Lionel en Mynha Randal

# Jeug Brag blad





**Anei Brandt** het tydens die Interhuis Atletiek Byeenkoms die volgende prestasies behaal:

Hoogspring 1ste, Verspring 1ste, Gewigstoot 1ste, 150m 1ste, 100m 1ste, 150m Hekkies 1ste, 75m Hekkies 1ste met n nuwe rekord!

Sy is ook 4de op die Top 10 lys vir die Sentraal Gauteng Span vir die 75m Hekkies dogters O/12

Anei het ook die Senior Victrix Ludorum gekry, en sy was by die Sentraal Gauteng Top 10 Byeenkoms 2de met hoogspring.

*(Baie geluk Anei jy maak nie net vir jou Oupa Dries en Ouma Martie baie trost nie. Jy maak ons ook baie trots. Lekker om met jou te brag - Red )*



# Jeug Brag blad



**Luan Billings** het tydens die Interhuis Atletiek Byeenkoms 1ste plek vir die 80m asook 1ste plek vir die 60m behaal.

Hy is dan ook die 2de vinnigste seuns atleet in die skool.

*(Baie geluk Luan jy maak nie net vir jou Oupa Dries en Ouma Martie baie trost nie. Jy maak ons ook baie trots. Lekker om met jou te brag - Red )*

# Jeug Brag blad







*(Baie geluk Janco jy maak ons baie trots. Lekker om met jou te brag - Red )*



# Jeug Brag blad




**Diaan Erasmus** het 7 onderskeiding behaal in Graad 8

*(Baie geluk Diaan jy maak ons baie trots. Lekker om met jou te brag - Red )*

# Jeug Brag blad





**Ilze-Marie Erasmus** het die trofee gekry vir Ingenieursgrafika en Ontwerp vir Graad 11

*(Baie geluk Ilze-Marie jy maak ons baie trots. Lekker om met jou te brag - Red )*



# Jeug vermaak




*(Bron: https://www.cool2bkids.com/wp-content/uploads/2022/05/Christian-Easter-Dot-to-Dot-Printables.pdf)*

# Uit die Kombuis

## Ontbyt-Jaffels



***30 ml Olyfolie***

***400g Boerewors, in klein stukkies gesny***

***12 Eiers***

***100 ml Melk***

***50 ml Room***

***Sout en vars gemaalde swartpeper***



***Botter vir smeer***

***12 Snye Brood***

***90 ml Botter***

***12 Repe strepie spek***

Kry jou vuur lekker warm en sorg dat jy rooi kole het. Plaas 'n groot platboom-gietysterpot met 'n deursnee van sowat 20 cm oor warm kole. Sowat 20 cm van die kole af.

Giet olie in pot en braai wors stukkies 4 – 5 minute of tot goud bruin en bros. Klits eiers, melk en room; geur goed met sout en peper. Voeg eiermengsel by wors en roer om sagte roereier te maak – dit neem sowat 4 – 5 minute.

Haal van hitte af en hou eenkant. Smeer snye brood alkant met botter. Sny spekrepe in die helfte en plaas een stukkie spek in die holte van die jaffel – pan. Plaas 'n sny brood bo – op, gevolg deur 'n lepel of twee van die roer eier. Plaas nog 'n sny brood bo – op. Plaas nog 'n stukkie spek bo – op.

Maak pan toe en sny enige brood wat uitsteek netjies af. Braai stadig op warm kole, sowat 2 – 3 minute aan 'n kant of tot goudbruin en gaar.

**Sit warm voor met sous van jou keuse en regte moer koffie.**

*(Bron Weg Tydskrif)*

# Uit die Natuur

## Reënspinnekop



Die **gewone reënspinnekop** is 'n spesie van jagspinnekoppe inheems aan Suider-Afrika. Dit is die mees algemene en wydverspreide spesie in die genus *Palystes*.

Sy verspreiding strek van KwaZulu-Natal in die ooste, weswaarts deur die provinsies van Mpumalanga, Limpopo en Noordwes in die noorde, en die Oos-Kaap en Wes-Kaap in die suide. Dit het 'n liggaamslengte van 25-30 mm. Die spesie is die eerste keer deur Ludwig Koch beskryf in 1875.

Sy gunstelinghabitat is kreupelhout en savannabos. Spinnekoppe in die *Palystes* genus staan algemeen bekend as **reënspinnekoppe**. *Palystes*-spinnekoppe sal dikwels huise betree voordat dit reën, waar hulle jag maak op geitjies, gewoonlik *Afrogecko porphyreus* in die Wes-Kaap, of *Lygodactylus capensis* in die oostelike dele van Suider-Afrika.



Mannetjies word gereeld van Augustus tot Desember gesien, waarskynlik op soek na wyfies.

Na die paringseisoen in die vroeë somer bou die wyfie 'n ronde eiersak van ongeveer 60-100 mm in grootte van sy, met takkies en blare daarin. Hierdie eiersakke word algemeen gesien vanaf November tot April. Die wyfie bou die sak oor 3-5 uur, waarna dit aggressief wag totdat haar spinnekoppe, wat binne die beskermende sak broei, ongeveer drie weke later uitkou. Wyfies sal ongeveer drie eiersakke bou oor hul twee jaar lewens. Baie tuiniers word gedurende hierdie tydperk deur beskermende *Palystes*-ma's gebyt.

Die grootte van hierdie spinnekoppe, gekombineer met die geel en swart band op die onderkant van die bene wat blootgestel word wanneer die spinnekop in gevaar kom, gee hulle 'n vreeslike voorkoms.

'n Eksperiment is in 1959 gedoen waar 'n *Palystes superciliosus* 'n volwasse marmot op die neus byt. Die marmot het binne 7 minute gesterf, wat gelei het tot 'n oortuiging dat die spinnekop se gif gevaarlik was.

Nog verdere navorsing met verdoofde marmot het getoon dat die oorspronklike marmot eintlik aan skok gesterf het, eerder as gevolg van die spinnekop se gif. Die gewone reënspinnekop se byt is nie gevaarliker as 'n bysteek vir mense nie. Die byt veroorsaak 'n brandende sensasie, asook swelling wat vir 'n paar dae duur. Dit herstel egter spontaan en volledig.



(*Bron: https://af.wikipedia.org/wiki/Reenspinnekop)*

# Smous hoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

-------------------------

*As jy wil adverteer in die smoushoekie of enige nuus wil deel, stuur gerus 'n e-pos vir my by* mags.randall@yahoo.com




Die Suikerbekkie word uitgegee deur die Suikerbosrand streek van SAWA. Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensies impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van SAWA is nie.
Besoek gerus SAWA web werf vir meer inligting oor SAWA: http://www.sawa.org.za



# Smous hoekie








Jurgens Penta te koop. 1998 Model Vol tent en Rally tent. Ekstras: Port Potty, Inverter stelsel, radio, lugversorger en kamera stelsel.

**Prys: R85 000 nie onderhandel baar**


Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.

# Jaarprogram 2024



| Maand | Datum | Plek | Kamp Kommandante |
|---|---|---|---|
| Januarie | 24 - 25 Snrb | Bloekompoort | |
| | 26 - 28 | Bloekompoort | Johnny & Margaret |
| Februarie | 23- 25 | Sionbergh | Gebied |
| Maart | 28- 31 | Klipdraai | Presidente |
| April | 12 - 14 | Bush Inn | Virgie & Jackie |
| Mei | 1 - 2 Snrb | Bloekompoort | Doedies |
| | 3 - 5 | Bloekompoort | |
| Junie | Geen | | |
| Julie | Geen | | |
| Augustus | 21 - 22 Snrb | Bloekompoort | |
| | 23 - 25 | Bloekompoort | Bestuur |
| September | 8 - 14 Snrb | Bloekompoort | |
| September | 20 - 24 | Nasionaal | |
| Oktober | 23 - 24 Snrb | Bloekompoort | |
| | 25 – 27 | Bloekompoort | Jooste & Elize |
| November | 20 - 21 Snrb | Bloekompoort | |
| | 22 – 24 | Bloekompoort | Jeug |




60
YEARS
OF SERVICE TO THE
CAMPING COMMUNITY
CAMPWORLD
Clarendon Campworld cc
Springs
JURGENS
SAFARI
Gypsey
Sprite
Clarendon Caravans & Camping (Pty) Ltd, 49 Geduld Rd, Geduld Ext. Springs
Tel: 011 811 9900/1/2, Fax: 011 811 3270, P.O.Box 15575, Riverfield, 1564
Co Reg. no. 1968/03646/07 Director: Gert Scheepers - 082 820 8400
Sales: Johan Viljoen 073 788 4358